REËN

"As julle dan goed luister na My gebooie wat Ek vandag beveel, om die Here julle God lief te hê met julle hele hart en julle hele siel, dan sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd"
(Deuteronomium 11).

Die Here waarsku dat hulle nie van Hom moet afwyk en ander gode dien nie, want Hy sou die hemel toesluit. Waarlik, daar is vir my niks goed nie as die Here se pad.

Elia beteken "***Jahwe is God***". Dit is dan ook die boodskap wat hy met groot oortuiging aan Agab en die volk bring. **Die Here is God**.

Elia kom sterk in opstand teen enige vorm van afgodery. 'n Godsdiens waarin die Here gedien word, saam met ander gode. Waar Sy wil nagekom word, maar ook die wil van die ander gode.

Hierdie afgodery was natuurlik van altyd af 'n versoeking vir die volk. Reeds in die woestyn het hulle die Here gedien, maar ook die goue kalf, dié een wat Aäron vir hulle gemaak het.

Die konings van Israel, veral in die noordelike ryk in Samaria, het egter toenemend die volk verlei om nie net die Here te aanbid nie, maar ook vir Baäl. Met die koningskap van Agab het dit tot die wesenlike gevaar ontwikkel dat hulle die ware Jahwe aanbidding heeltemal sou kon versaak.